

8 Maart

Skrifgedeelte: Hebreërs 5:11 – 6:3
Fokusgedeelte: Hebreërs 6:1

Bekering en omkeer as deel van die Fondament!

Baie gelowiges vandag is traag, lui, deur die eeu van gemak gebreinspoel. Kitskos, kitsdiëte, kits Google-antwoorde, kitsverpakkings, kitshuwelike en kitskerk! Mense wil nie meer moeite doen om te leer, en hulle te verdiep in die geheimenisse van God se Woord nie.

Soos die Hebreërs is baie gelowiges ook vandag “traag om te leer” (5:11). Baie ouers doen nie meer moeite om hulle kinders te leer om die Bybel, en die God van die Bybel, te ken nie. En die kerk gaan onder omdat jong gelowiges nie meer weet (Hos. 4:6) watter tipe lewe en watter lewensvereistes by gelowiges pas nie (vgl. Ef. 5:1-4).

Die eerste beginsels wat die Hebreërskrywer noem, is bekering en geloof; die leer van die doop en handoplegging; die opstanding van die dooies en die ewige oordeel. Johannes die Doper het sy prediking begin met: “Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom” (Matt. 3:2). En: “... Bekeer julle en glo die evangelie” (Mark. 1:15). Die eerste ding wat jy moes doen om deel van die kerk te wees, was om van jou sondige lewenstyl weg te draai, tot bekering te kom!

Die Hebreërskrywer maak dit ook duidelik dat jy en ek as gelowiges nie by die eerste dinge van reg of verkeerd mag stilstaan nie. Soos 'n babatjie begin by melkkossies en soos hy groter word, meer vaste kos begin eet, so moet gelowiges deur ervaring groei om tussen goed en kwaad te kan onderskei. Groei in ons verhouding met Jesus Christus. Ons gawes meer effektief leer gebruik om sy liggaam op te bou, en tot volwassenheid in die geloof te groei, om meer en meer soos Hy te raak (Ef. 4:11-13).

Sing: Psalm 25-1:1

Ds. OA (Ockert) Oosthuizen (Windhoek-Suid)